Die huis luister

Daniël Hugo

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

Die huis luister - Daniël Hugo

1 my kamers is hol soos ’n binne-oor

2 ek hoor hoe die bewoners roesemoes

3 liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor

4 soek met die goor hede, nooit tevrede

5 aanhou kibbel oor kon en sou en moes

Oor = hol van binne; ook neg. betekenis: leeg van binne

Implikasie: huis nie vol liefde

O-assonansie

deurmekaarspul

Hierdie liefde maak is nie iets moois nie

Skoor soek = moeilikheid soek

goor = slegte

kibbel = stry

Huis spreek inwoners direk aan.

6 luister, ek bewaar julle verlede

7 my **f**ondamente kraak onder die las

8 my pla**f**onne raak **v**oos **v**an die eggo's

9 te **v**eel **v**loeke laat my pleiste**r**we**r**k ba**r**s

10 ja**r**e se t**r**ane laat my **r**ame **r**oes

Die vloekery en onmin bly binne die huis; niemand weet daarvan nie.

Eggo kan verwys na een skelwoord wat weer 'n antwoord terugkaats en nooit ophou nie.

Reël 7-10 baie klankryk

11 so word ons saam verweer deur dit wat was

12 my dakplate en julle gebede

13 fluister en knal al hoe harder om hulp

14 ongehoord in elke nag se oorskulp

"Ongehoord" het 2 betekenisse:
- mense hoor dit nie/
- dit hoort nie so nie

- Soos die huis, word die inwoners deur die elemente aangeval en stelselmatig afgetakel.
- Die "gebede" om hulp word eers "gefluister", en dan eggo dit al hoe harder maar dit bly "ongehoord".
- Niemand luister nie. Die probleem met die huismense is juis dat hulle nie na mekaar geluister het nie!

TEN SLOTTE

- *Die slim taalspel van die digter word reeds in die titel gedemonstreer. Dis is ’n gedig wat maklik is om na te luister, want dis baie **klankryk** en daar word deurgaans fyn met woord-betekenisse gespeel.*
- *Die herhaling van die ui-klank in die titel plaas klem op die twee belangrike woorde.*
- *Die getroue “huis”, die vesting wat die mense daarbinne beskerm, “luister” net sonder om op te tree, sonder om te veroordeel.*
- *Omdat die huis **personifieer** word, kry die leser in die begin die gevoel dat dit persoonlik geinterpreteer kan word, maar alhoewel die huis sy inwoners in str.2 direk aanspreek, groei die tema in die slotstrofe tot ‘n multidimensionele, **universele betekenis**: die skade van onmin binne ’n huis se 4 mure reik veel verder as die mure en strek oor eeue en grense heen.*
- *Die “julle” wat die huis aanspreek, word nou die mensdom in die algemeen en die ‘elke nag” word nou **universeel**.*

BESPREKING EN

VRAE

Die huis luister – (November 2011 – Vraestel 2)

2.1 Haal enige **woord of frase** uit strofe 1 aan wat daarop dui dat dinge in die huishouding nie altyd vreedsaam verloop nie. (1)

2.2 Tot watter mate betaal die huis vir die inwoners skeltaal? (1)

2.3 Hoe weet die leser dat die inwoners in strofe 2 direk aangespreek word? (1)

2.4 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) in die antwoordboek neer.

Die gevolgtrekking waartoe die skrywer in reël 11 kom, is dat …

A die huis gewoond is aan negatiewe reaksies tussen gesinslede.

B die goor hede uiteindelik tot die aftakeling van die mens in die algemeen lei.

C ouers en kinders saam verantwoordelik is vir dit wat in die verlede gebeur het.

D die gesin die huis nie in stand hou nie. (1)

2.5 Op watter wyse ondersteun alliterasie die klanke wat deur die huis weerklink? (1)

2.6 Alhoewel die gedig uit 14 versreëls bestaan, voldoen dit uiterlik nie aan die eienskappe van ’n sonnet nie. Skryf 2 bewyse vir hierdie stelling neer. (2)

2.7 Benoem die beeldspraak wat in die titel voorkom. (1)

2.8 Stem jy saam met die aanklag wat die spreker in die gedig teenoor huisgesinne uitspreek? Verduidelik jou antwoord. (2)

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG - Die huis luister – Daniel Hugo

2.1 "verwyt"/"skoor (soek)"/"goor (hede"/"nooit tevrede"/ "(aanhou) kibbel“ /"roesemoes" √ 1

2.2 Die huis se fondamente kraak/pleisterwerk bars./ rame roes./
Die plafonne raak voos/verval/val uit mekaar. √
Aanvaar 'n verduideliking wat op verval dui. 1

2.3 Die woord "julle"/"luister" dui op die direkte aanspreek van die huisbewoners. √ 1

2.4
A/die huis gewoond is aan negatiewe reaksies tussen gesinslede./
B/die *goor hede* uiteindelik tot die aftakeling van die mens in die algemeen lei./
C/ouers en kinders saam verantwoordelik is vir dit wat in die verlede gebeur het./
D/die gesin die huis nie in stand hou nie.√
Een punt word aan elke kandidaat toegeken. 1

2.5 Die herhaling van die klanke dui daarop dat die rusies voortdurend plaasvind/hef die verweer en agteruitgang uit. Die harde klanke/r-klanke/h-alliterasie/kr-alliterasie/r-alliterasie/v-alliterasie ondersteun/hef die rusies/konflik/onmin uit.√1

2.6 Hierdie gedig het nie 'n vaste rymskema nie (abacb cdbcbdcee)./Dit het nie 'n rymende eindkoeplet nie./ Die strofebou (oktaaf en sestet) voldoen nie aan die vereistes nie./bestaan nie uit drie kwatryne en rymende koeplet nie.√ √

'n Omskrywing kan aanvaar word. 2

2.7 Personifikasie √ 1

2.8 *Kandidate gee hier hulle eie mening of hulle saamstem al dan nie.*
Die kandidaat mag ook ***Nee*** *as antwoord aanbied indien diemotivering geldig is.*

Ja Gesinne word uitmekaar geskeur deur die mense wat die gesin moet bymekaar hou/nie meer veilig binne gesinsverband gekoester en waardeer word nie./ Gesinslede luister nie na mekaar nie/hoor nie mekaar se geskree om hulp nie/se negatiewe woorde het dikwels 'n slegte invloed op gesinsverhoudinge.

OF

Nee. In my huisgesin behandel ons mekaar met respek .√ √

Die punte, 2, word slegs vir die een motivering toegeken. 2

[10]